



Praat met jou kinders oor God en sy wonderdade

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. (Deut 6: 6 en 7)

Kinders en jong volwassenes is hoogs aanpasbare wesens, terwyl elkeen van hulle tog afhanklik bly van ritme, roetine en voorspelbaarheid. Die isolasie het ons jeug beroof van sosiale interaksie en die netwerke waarbinne hulle sin en betekenis vind. Onlangse data bevestig dat stres en angs onder ons jong volwassenes spesifiek die afgelope 24 maande verdriedubbel het (*3 Big Questions That Change Every Teenager*; Powell Kara, E & Griffin, Brad M: 2021, Baker Books). Hoe kan die geestelike vorming van huisgesinne en die liefde van Jesus ons kinders in hierdie tyd vashou en opbou?

In die Hervormde Kerk geskied geestelike vorming van huisgesinne deur gesinsbediening. Hoe kan elke gesin midde-in hierdie groot-skaalse ontwrigting met oorgawe aan die geestelike vorming van ons kinders deelneem? Kategese en jeugbediening maak 'n belangrike deel uit van die begeleiding van die jeug op die weg van dissipelskap, en rus die jeug toe vir hul dienswerk in die Kerk en hul getuienistaak in die wêreld. *Ons Huisgeloof Skatkaart* by <https://nhka.org/kursusse/> is 'n produk wat gesinne help om geloofsgesprekke en -handeling te aktiveer. Druk die kaart in kleur uit (A2-/A3-formaat). Die Huisgeloof Skatkaartsleutel maak 'n unieke geloofsreis in jul kuiervertreke moontlik. Wees kreatief en betrek die hele huisgesin op elke plek en in elke spase waar saamwees in die teenwoordigheid van God kosbare ervarings van hoop en behoort ontsluit.



Die sleutel verduidelik die betekenis en aksie wat benodig word op elke spesifieke plek op die Skatkaart. Kry 'n unieke bordmerker wat iets oor jul unieke gesin simboliseer. Julle gaan hierdie merker gebruik om aan te skuif na die verskillende momente op die Skatkaart. Wees geduldig met mekaar en bly oop vir elke oomblik. Bestee genoeg tyd om met mekaar te gesels oor hoe dit met julle gaan: Elkeen kan 'n "soet" en "suur" van hul week deel. Doen dit deur byvoorbeeld vir elkeen 'n soet en suur lekkertjie te gee.

Kyk en luister fyn na mekaar. Deel stories met mekaar van waar en hoe julle God hierdie week ervaar het. *Delf dieper* (sien die Skatkaartsleutel) is die plek waar julle 'n spesifieke teks uit die Bybel saamlees. Deel met mekaar die vrae wat julle oor die teks het. Luister diep na mekaar en deel wat julle vanuit die teks hoor. Bestee tyd daaraan om saam te bid. Wees te alle tye prakties en konkreet in jul saamwees en speel. Spel is so wesenlik deel van elke gesinslid se welstand. Lag en huil saam!

Geniet elke oomblik en kontak die SGB (frikkie@nhk.co.za) indien julle enige vrae oor die Skatkaart het.

Lief en leed

- Op Lentedag, 1 September, om 08:01 is ds Willem en Lelanie Dykema van Windhoek se eersteling, 'n dogtertjie, **Elissa Dykema**, gebore. Sy het 2,975 kg geweeg. Baie geluk!
- Donderdagoggend 2 September is ds Etienne Fourie van Kempten se kleindogter **Joanne Coralie Johnson** gebore. Sy is vernoem na haar oorlede ouma en is gebore presies vier dae voor die tiende herdenking van haar ouma se heengaan. Oupa Etienne sê hy lag en huil om die beurt. Baie geluk aan ds Etienne, en aan die kleinding se ouers, Antoinette en Darren Johnson.



Ds Willem Dykema en sy dogtertjie, Elissa

- **Mev Arina Jooste** van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) was een van die top-25-genomineerdes vir die titel van Kantoorkampioen 2021, 'n inisiatief van die Solidariteit Beweging. Daar was vanjaar 800 nominasies nasionaal. Die algehele wenner, die ontvangsdame van Hoërskool Nelspruit, is Donderdagaand 2 September by 'n glansgeleentheid aangewys. Arina was die naaswenner! Sy sê: *Ek dra my toekening op aan die kinders met gestremdhede in die vyf Instituutskole. Julle is die rede hoekom ek al vir 17 jaar elke dag met 'n huppel in die stap gaan werk.*



Ds Etienne Fourie en sy nuwe kleinkind

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 September 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Saterdag 11 September: Ds APJ (Dries) Beukes (72) (emeritus/Swartkop)
 - Dinsdag 14 September: Dr HJ (Hennie) Botes (73) (emeritus/Buffelspoort)
 - Woensdag 15 September: Ds PDM (Pieter) le Roux (59) (Christiana/Molopo/Vaalharts)

Gemeentes en bediening

- Op 8 September 1991 is prop **Barrie Oberholzer** as predikant van die **Outjo/Otjiwarongokombinasie** bevestig. Op Sondag 5 September 2021 is hierdie geleentheid van 30 jaar gelede met 'n gesamentlike Nagmaal in die twee gemeentes gevier. Ds Barrie het die erediens en Nagmaal gelei en so sy verbintenis met die twee gemeentes gevier. Hy het die afgelope maande as konsulent telkens ná sy erediens op Grootfontein en Tsumeb deurgery na Otjiwarongo en Outjo vir middagdienste in albei gemeentes. Daar is by die lidmate groot dankbaarheid vir sy leiding in die heropbouproses van hierdie twee gemeentes.



Mev Arina Jooste

- **Vakature: Finansiële Beampte: NHKA Gemeente Pretoria-Oos.** Die pos behels die uitvoering van voorgestelde prosedures ten opsigte van ontvangs van gelde, korrekte prosessering, uitbetaling en bank van gelde, uitbetaling van salarisse, opstel van finansiële state en alle administrasie rakende finansies soos beskryf in die pligstaat.

Pligte

- Ontvangs en kontrolering van gelde, uitreiking van kwitansies en opmaak daarvan vir bank.
- Bestuur van die debietorderstelsel.
- Uitbetalings aan krediteure en bestuur van kleinkas, kredietkaart en Zapper.
- Uitbetaling en administrasie van salarisse en werkloosheidsversekering.
- Administrasie van maandelikse offergawes.
- Verantwoordelik vir die aankopestelsel in die kantoor.
- Verantwoordelik vir uitvoering en administrasie van jaarlikse begroting en ouditinligting.
- Opstel van maandelikse finansiële state.
- Finansiële verslaglewering aan gemeentebestuurder, kassier, finansiële kommissie en kerkraad.
- Verantwoordelik vir alle administrasie rakende finansies soos beskryf in die pligstaat.
- Op datum hou van bateregister-, gedenkmuur- en versekeringsadministrasie.

Minimumvereistes

- MINSTENS drie jaar bewese ondervinding van toepaslike finansiële werk (VERAL met rekenaargebaseerde boekhouprogramme).
- Graad 12-skoolopleiding (naskoolse finansiële kwalifikasie word aanbeveel).

- Rekenaarvaardigheid in Microsoft Office en boekhouprogramme (SAGE 1 as aanbeveling).
- Toegewyde, deeglike en dinamiese persoon wat goed saam met ander in 'n span kan werk, maar wat selfgedisiplineerd kan funksioneer.
- Geaardheid wat die hart van 'n gemeente van Christus kan uitdra.
- Goeie werksetiek en interpersoonlike verhoudings.
- Die persoon moet 'n lidmaat van die gemeente wees of bereid wees om lidmaat te word.

Dit is 'n halfdagpos (08:00-13:00), met onderhandeling vir 'n 4- of 5-dag-werksweek, en die salaris is onderhewig aan die kwalifikasies en ondervinding van die kandidaat, en onderhewig aan die begroting van die gemeente.

Aansoeke met 'n gepaardgaande CV (met foto) kan ingedien word by die gemeentelike kerkkantoor, of per e-pos (gerdavdm2@gmail.com) **voor of op 15 September 2021**. 'n Kortlys van kandidate sal opgestel word en vir onderhoude genooi word ná 15 September 2021. **Diensaanvaarding: 1 November 2021**.

Vir enige navrae, skakel Gerda van der Merwe gedurende oggendure by 082 575 1979.

- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word na njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Vergaderings

- Donderdag 9 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 10 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 17 September: Beleggingskomitee

Kerklike publikasies

Bybelse Dagboek / Almanak 2021
Nou net R100 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

- Enige lidmaat wat beplan om **van Suid-Afrika na die ring van Dorsland** te reis (gemeentes Gobabis, Otjiwarongo, Grootfontein, Outjo, Windhoek, Tsumeb, Namibkus of Namib-Suid), kan gerus met **mev Sarie Roux** van die Boekwinkel in verbinding tree by boekwinkel@nhk.co.za. Ons ondervind tans uitvoerprobleme, en sy wil graag boeke na die gemeentes saamstuur.

Toerusting

- **Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap (GTW): Konferensie 27 en 28 September 2021**, aanlyn en by Miles Sharpstraat 24b, Rynfield, Benoni. Die doel van die konferensie is om vanuit die Gereformeerde Teologie saam te besin oor die tema: *Die morele hernuwing van die Suid-Afrikaanse samelewing na 'n dekade van staatskaping*. Hulle wil graag persone vanuit die NHKA ook in die gesprek betrek. Sprekers sluit in prof Theo Venter en prof Koos Vorster van die Noordwes-Universiteit, en prof Henk Bakke van die Vrije Universiteit in Nederland. Besoek die webblad <https://rts2021.wordpress.com/> vir meer besonderhede. Die GTW is 'n vereniging wat vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontstaan het en wat ook betrokke is by die vaktydskrif *In die Skriflig / In Luce Verbi*, en is 'n vereniging sonder enige winsmotief. Navrae: Ds Pieter Kurpershoek, 013 243 3364 / 083 641 6466 / pwk@axxess.co.za.



Heilige veerkragtigheid – hoop vir 'n getraumatiseerde gemeenskap
VTT/VTK 2021

- Gevorderde opleiding in die *Community Resiliency Model (CRM)*
- Aanbieders: Sorika de Swardt en span
- Aanbieding (Zoom of fisies) sal bevestig word

Voldag
 27-30 September 2021
 Koste
 R1 000

Kontak dr André Ungerer by 082 940 8201 of andre.ungerer@up.ac.za om inskrywing te bevestig

- Staan u dikwels voor 'n getraumatiseerde lidmaat en wens u weet hoe om werklik van hulp te wees? Kom woon 'n **TIR (Traumatic Incident Reduction) Werkswinkel** by en kom leer iets van Jesaja 50: 4: *Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer luister.*
Datum: 16-19 Oktober
 Plek: Pretoria
 Koste: R5 000
 Besoek yvonneretief.weebly.com of kontak Yvonne by retief.yvonne@gmail.com.

Allegaatjie

“'n Diep bejaarde egpaar kom skuifelend binne. Terwyl hulle by die ontvangstoonbank staan, sy arm om haar maer rug, laat hulle my dink aan tinkinkies. Wit borsveertjies wat grond toe sweef. ... Toe die oom sy knokkelvingers oor haar bejaarde hand vou, weet ek dié gebaartjie wys die groot sambreel van die liefde was deur die jare oor hulle oopgevou. Verliefdheid is 'n vorm van waansin. Opregte, langdurige liefde is 'n sambreel van vertroue, lojaliteit en respek. Indien enige van daardie aspekte skade ly, is 'n huwelik in stormwaters.” (Annelie Botes, in *Beeld*, 7 September 2021)

'n Gedig

Woord en sin

Woorde is almal s'n,
nie net myne nie;
daar's geen heimlike opsie nie,
'k was te laat vir mineraleregte.
Maar delwe kan ons tog almal
dwarsdeur ons hele lewe deur;
buitendien en boonop
vir kleims is gehardloop
en vergange vir goud
'n kryg laat ontbrand.

Al wat myne is
is my sinne;
in sinne is alle woorde
mýne
waar ek my in kan verdiep
verborge gange oopgrawe
met geheimsinnige waters deursypel
om myne te verbind
met ander ryk domeine s'nne.

JC Steyn

(Uit: *Die grammatika van liefhê*, 1975)

[JC Steyn 31 Julie 1938 – 6 September 2021]

Barmhartigheid

- **NHSV Beurse en lenings 2022.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan *hier* afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November 2021.**
- **Rata Maatskaplike Dienste se *Drive for a Child*-gholfdag** wat geskeduleer was vir 24 Augustus 2021, is weens Covid met al sy beperkinge uitgestel tot **26 Oktober 2021**. Hierdie gholfdag vind steeds by Silver Lakes-gholfbaan in Pretoria plaas. Die fondse wat ingesamel word, is ten bate van elke kind wat tans deur Rata ondersteun en gehelp word.
Koste: R4 400 (Vierbal) – gholfkarretjies, halfweghuisete, aandete, *goodie bags* ingesluit
Putjieborg: R2 500
Vierbal met putjieborg ingesluit: R5 500
Navrae: Charmaine Fourie charmaine@rata.org.za / 071 684 7796
- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes
Enkel- en deerkameriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deerkamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.



- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Bliitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Bliitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed te midde van ontwrigting

Ek kan niks met jou deel nie –
ek kan jou nie antwoord nie –
ek kan nie hierdie raaisel verstaan nie –
ek kan nie die woorde vind om te praat nie –
ek kan nie glo dat hierdie die werklikheid is nie –
ek kan nie praat nie – net stilte kom.

Ek wonder waar die lewe verkeerd gegaan het –
ek wonder wanneer God verskuil geraak het –
ek wonder hoe 'n mens deur soveel verlies kan kom –
ek verwonder my aan die intensiteit van hierdie pyn –
ek wonder wanneer hierdie nagmerrie verby sal wees, indien ooit –
ek wonder waar die ware lewe begin en waar dit eindig.

God – soms voel dit of U in hierdie gespartel so stil is,
soms voel dit asof elke wolk nog 'n storm bring,
soms voel dit asof elke persoon 'n vyand is,
soms voel dit asof die beloofde hoop buite bereik is,
soms is die lewe allesbehalwe dit wat ons beloof is toe ons jonger was,
soms, God, kan 'n mens maar net wonder en peins en...

God – mag ek ook maar net stil hier by U sit?
Ek het geen woorde nie, so ek gaan maar net hier in u teenwoordigheid “wees”.
Ek het so seer dat ek nie weet wat om vir U of enigiemand anders te sê nie.
Ek het net nodig om te “wees”
en om na te dink oor alles wat was en alles wat nou is...

Dankie, God, vir u stille teenwoordigheid.
Dankie, vriende, vir jul stille teenwoordigheid – God is hier.

(June Friesen, www.godspacelight.com/blog)

(Afrikaanse weergawe: Tessa Oppermann)